Taalbeleid
van die Universiteit Stellenbosch

Die kern van die beleid

Die Universiteit is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks. Taal word aan die Universiteit gebruik op ’n wyse wat gerig is op die omgang met kennis in ’n diverse samelewing.

1. Inleiding

Die kernfunksie van die Universiteit Stellenbosch is die omgang met kennis. Die kennisspektrum van die Universiteit is beperk vir sover ’n aantal fokusareas die kern daarvan vorm en uitgebreid in die sin dat dit beide oor ’n verskeidenheid akademiese dissiplines strek en sowel voor- en nagraadse leer en onderrig as navorsing behels.

Die Universiteit gaan daarvan uit dat die internasionale verband van wesenlike belang is vir die omgang met kennis. Terselfdertyd bevind die Universiteit hom in ’n plaaslike sosiokulturele verband, binne Suid-Afrika en besonderlik in die Wes-Kaapse streek. Die Universiteit wil die kennis wat onder andere binne internasionale verband geskep word, plaaslik aanwend met inagneming van die diversiteit van die regionale en die nasionale gemeenskap.

Een aspek van die diversiteit van ons samelewing is dat ’n verskeidenheid tale daarin funksioneer. Die verlening van amptelike status in die Grondwet aan elf verskillende tale kom daarop neer dat elkeen van hierdie tale as bate erken word wat aangewend word as middel om die land se menslike potensiaal te help ontwikkel. Ten einde die menslike potensiaal van die land na behore te ontsluit, moet hierdie belangrike persoonlike, professionele en sosiale bate op kollektiewe grondslag deur die Suid-Afrikaanse tersiêre onderwyssektor ontgin word.

Die Universiteit lewer teen hierdie agtergrond ’n bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal, maar neem daarmee saam die multikulturele en meertalige

Suid-Afrikaanse werklikheid in ag deur, naas die besondere fokus op Afrikaans, ook rekening te hou met Engels en isiXhosa.

2. Beginselstandpunte

Die Taalbeleid van die Universiteit word uitgevoer met inagneming van die volgende belangrike beginselstandpunte:

1. Die Universiteit is ’n sentrum van uitnemendheid wat gerig is op die produksie van kennis deur navorsing, leer en onderrig.
2. Die Universiteit erken en respekteer die kernwaardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat word.
3. Die Universiteit hou rekening met strategiese nasionale beleid en beleidvormings-prosesse.
4. Die Taalbeleid neem die waardes en uitgangspunte wat in die Strategiese Raamwerk van die Universiteit beskryf word in ag.
5. Die Universiteit erken die besondere status van Afrikaans as ’n akademiese taal en aanvaar die verantwoordelikheid om Afrikaans as akademiese taal te bevorder.
6. Die Universiteit erken die status van Engels as belangrike plaaslike, maar ook as erkende internasionale akademiese taal.
7. Die Universiteit erken die status van isiXhosa as belangrike plaaslike, maar ook as ontluikende akademiese taal en wil, binne die perke van wat doenlik is, aktief meewerk aan die ontwikkeling daarvan.
8. Die Taalbeleid neem die diversiteitsdoelwitte van die Universiteit in ag.
9. Die Taalbeleid posisioneer die Universiteit om ’n besondere bydrae te lewer ter bevordering van meertaligheid as ’n bate.
10. Die Universiteit aanvaar die beginsel dat die sukses van die Taalbeleid direk afhanklik sal wees van die daarstelling van gepaste en voldoende taaldienste.

3. Die meertalige konteks

Die Universiteit se verbintenis tot Afrikaans as akademiese taal sluit nie uit dat verskillende tale aan die Universiteit in die omgang met kennis benut word nie: behalwe Afrikaans, Engels en isiXhosa, onder andere ook Nederlands, Duits en Frans.

Afrikaans

Die Universiteit is verbind tot die ontginning van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van ’n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit ’n beduidende groep uit agtergestelde gemeenskappe in, waaronder sowel Afrikaanssprekendes as ’n aansienlike getal nie-Afrikaanssprekendes wat Afrikaans beter beheers as Engels. Die Universiteit wil al hierdie groepe bemagtig deur universitêre opleiding in Afrikaans.

Die Afrikaanse taalgemeenskap is *demografies* op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. Aan die Universiteit is Afrikaanssprekendes die meerderheid onder sowel studente as die personeel. In *kulturele* opsig is Afrikaans ’n

standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal ’n nasionale bate is.

Engels

In die uitvoering van sy kennisfunksie benut die Universiteit Engels ter wille van sowel die taal se internasionale waarde as sy plaaslike funksie, die sterk teenwoordigheid van Engelssprekendes aan die Universiteit en die behoefte aan akademiese vaardigheid in Engels van studente wat nie Engels as huistaal het nie. Aan die Universiteit funksioneer Engels in kombinasie met Afrikaans.

isiXhosa

isiXhosa is ’n amptelike taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe oor ’n groot gebied in Suid-Afrika gebruik word en wat onder andere in Wes-Kaapland sterk aan die toeneem is. Die Universiteit onderneem om deur besondere inisiatiewe by te dra tot die ontwikkeling van isiXhosa as ontluikende akademiese taal.

4. Bepalings van die Taalbeleid

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word in die volgende bepalings saamgevat:

1. Die voorgraadse leer- en onderrigtaal van die Universiteit is by verstek[1] Afrikaans.
2. Engels word in besondere omstandighede as voorgraadse leer- en onderrigtaal gebruik.

> Stellings 1 en 2 beteken dat, tensy anders bepaal word, die A-taalspesifikasie van die Taalplan outomaties vir alle voorgraadse modules geld. In voorgraadse modules word daar slegs na oorweging van deeglike motivering van hierdie verstekposisie afgewyk.

3. In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels gebruik.
4. Studente se akademiese geletterdheid in Afrikaans en Engels word stelselmatig ontwikkel.
5. Die institusionele taal van die Universiteit is by verstek Afrikaans.
6. Engels is na gelang van omstandighede saam met Afrikaans ’n interne kommunikasietaal van die Universiteit.

> Bepalings 5 en 6 beteken dat Afrikaans in alle omstandighede gebruik word as die taal van interne kommunikasie, maar dat die besondere behoeftes van nie-Afrikaanssprekende personeel en studente met die nodige sensitiwiteit hanteer sal word.

---

[1] Die frase *by verstek* word gebruik in die nou reeds bekende betekenis “outomaties” en, wat die bestuur van die Taalbeleid en -plan betref, in die betekenis “die opsie waarvoor geen verdere motivering gegee hoef te word nie”. Albei hierdie betekenisse is goed gevestigde betekenisse van die betrokke frase.

7. Naas Afrikaans, is Engels en, waar doenlik, isiXhosa die Universiteit se eksterne kommunikasietale.
8. Vir isiXhosa word in bepaalde programme voorsiening gemaak met die oog op beroepskommunikasie.
9. As ontluikende akademiese taal word isiXhosa deur onder andere die Universiteit se Taalsentrum bevorder.

> Met bepalings 7, 8 en 9 wil die Universiteit die erns beklemtoon waarmee hy sy posisie binne die multikulturele, meertalige Suider-Afrikaanse konteks bejeën. Besondere aksies sal daarom geloods word vanuit die Taalsentrum se Eenheid vir isiXhosa, 'n eenheid wat in noue samewerking met die Departement Afrikatale funksioneer.

10. Die Universiteit voorsien taaldienste ten aansien van Afrikaans, Engels en, in bepaalde opsigte, isiXhosa.

5. Taalbeleidsvorming as dinamiese proses

Die Universiteit Stellenbosch neem in ag dat taalbeleidsvorming 'n dinamiese proses is. Daarom onderneem die Universiteit om die Taalbeleid voortdurend te toets aan die veranderende omstandighede

- deur navorsing te doen oor die implementering, die toepassing en die monitering van die Taalbeleid,
- deur gereeld met die breë universiteitsgemeenskap oorleg te pleeg,
- deur inligting wat uit hierdie navorsing en oorlegpleging voortspruit te verwerk en bekend te maak, en
- die Taalbeleid na bevind van sake aan te pas.

6. Taalplan

Die Taalbeleid van die Universiteit word vergesel van 'n uitvoerige taalplan wat in die Jaarboek uiteengesit word.

7. 'n Beleid gerig op die toekoms

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch wil as 'n toekomsgerigte beleid meewerk aan die verwesenliking van die ideaal om 'n gunstige leer- en onderrigomgewing te skep tot voordeel van die studente, 'n omgewing waarin die Universiteit die bevordering van Afrikaans as akademiese taal en die bate van meertaligheid op verbeeldingryke wyse met mekaar verenig.